**Hy vir wie God gestuur het, spreek die woorde van God (OP211)**

**Joh 3:22-36**

**9 Maart 2025**

Laasweek het ons besin oor die feit dat dit juis God se liefde vir die sondegevalle wêreld was wat Hom gedring het om Sy unieke Seun na hierdie wêrelde te stuur as mens. God se doel hiermee was om verlossing te bewerk vir die wat in Hom glo sodat hulle sodoende die ewige lewe kan hê. Sy doel met die menswording van Sy Seun was nie om die wêreld te veroordeel nie – immers was die wêreld alreeds veroordeel sedert Gen 3. Ons het egter ook gesien dat nie almal belangstel in hierdie verlossing nie: Daar is die ongelowiges wat van die lig af wegvlug en verkies om in die duister te bly sodat hulle dade nie deur die lig ontbloot word nie. Daar is genadiglik ook die gelowiges wat wel na die lig kom, sodat hulle dade juis deur die lig wat daarop skyn, bekend kan word. Hulle wil nie spog met hulle eie dade nie, nee, hulle verstaan maar te goed dat hulle dade die resultaat is van die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees in hulle – hulle wil juis hê dat hulle dade bekend moet word, want dit getuig van die werk van die Here God in hulle, en Hy verdien die eer daarvoor.

Vandag wil ek stilstaan by Joh 3:22-36. In hierdie gedeelte keer die evangelis Johannes weer terug na die optrede van Johannes die Doper. Ek wil hierdie gedeelte oordink onder die volgende drie punte: (1) Hy moet meer word, en ek minder (Joh 3:22-30), (2) Hy vir wie God gestuur het, spreek die woorde van God (Joh 3:31-36), en (3) Hoe ons die Johannes-evangelie behoort te lees.

<u>Hy moet meer word, en ek minder (Joh 3:22-30)</u>

Lees vers 22. Die vers begin met "Hierna" – m.a.w. hierdie gebeure volg op die gesprek tussen die Here Jesus en Nikodemus. Dit is egter nie bekend hoe lank na daardie gesprek die gebeure wat nou volg, plaasgevind het nie. Ons lees dat Jesus en Sy dissipels na die landstreek van Judea gegaan het – heelwaarskynlik moet ons verstaan hulle het na die platteland in Judea gegaan. En daar het die Here Jesus mense gedoop. Uit Joh 4:2 blyk dit dat die Here Jesus nie noodwendig self gedoop het nie, maar Sy dissipels het gedoop.

Lees vers 23. Ons lees dat Johannes die Doper ook in dieselfde omgewing aan die werk was – dit was 'n omgewing wat gekenmerk was deur die teenwoordigheid van baie water – heelwaarskynlik word bedoel daar was baie fonteine in die omgewing. Wat opvallend is, is dat Johannes die Doper ook steeds volgelinge gehad het wat na hom gekom het en wat deur Johannes gedoop is. Opsommend dus: Die Here Jesus en Johannes die Doper werk in dieselfde omgewing, beide het volgelinge wat na hulle kom en beide doop hulle volgelinge.

Lees vers 24. Hierdie gebeure het plaasgevind nog voor Johannes in die tronk gesit is. In Markus 1:14 lees ons dat die optrede van die Here Jesus wat in die sinoptiese evangelies beskryf word, plaasgevind het nadat Johannes reeds in die tronk gesit is. Die implikasie is dus dat wat Johannes hier beskryf, gebeur voor die gebeure wat in die ander evangelies beskryf word – al met al moet ons dus verstaan hierdie gebeure het steeds aan die begin van die Here Jesus se openbare optrede plaasgevind. Tot hiertoe is die agtergrond geskets van die gebeure wat nou volg.

Lees verse 25-26. Ons lees dat daar 'n woordestryd ontstaan het tussen Johannes die Doper se volgelinge en 'n Jood. Die woordestryd het gehandel oor die seremoniële reinigingsgebruike. Julle sal onthou dat ons in die gedeelte oor die bruilof te Kana ook gelees het van hierdie reinigingsgebruike – dit was vir hierdie gebruike dat daar kanne met water by daardie bruilof was. Hierdie reinigingsgebruike het voortgevloei uit Ou Testamentiese voorskrifte. Alhoewel ons nie baie detail gegee word oor die inhoud van die woordestryd nie, kan ons aflei dat dit verband moes hou met die

feit dat Johannes sy volgelinge wat hulle bekeer het, gedoop het. Die doop was ‘n reinigingshandeling. Waarskynlik het die stryd gehandel oor watter handeling moet gevolg word: die Ou Testamentiese gebruik, of die doop. Maar, eintlik is hierdie woordestryd nie die essensie van wat die evangelieskrywer aan ons wil meedeel nie. Wat hy eintlik aan ons wil meedeel, is dat hierdie debat oor die reinigingsgebruike Johannes se volgelinge herinner het daar is nog ‘n derde reinigingsgebruik ook aan die gang – bo en behalwe die Ou Testamentiese gebruik en Johannes die Doper se doop, is die Here Jesus in die omgewing en Hy doop ook. En wat hulle bekommer is enersyds watter handeling is nou reg, maar andersyds is hulle ook bekommerd oor die Here Jesus blykbaar meer suksesvol was as Johannes – volgens hulle gaan almal na Jesus toe. Natuurlik was dit nie almal nie, immers het Johannes ook steeds volgelinge gehad (v23) – maar hulle was bekommerd hulle verloor steun, en die Here Jesus se steun groei.

Waarop ons nou wil fokus is Johannes se antwoord aan sy volgelinge. Lees verse 27-30. Hy begin met die stelling dat ‘n mens niks kan ontvang as dit nie uit die hemel aan jou gegee is nie. Wat Johannes hiermee bedoel is dat hy en die Here Jesus altwee ‘n rol het om te vervul. En hulle beide het die spesifieke rol uit die hemel ontvang. Wat hy bedoel is dat hulle beide ‘n rol van God self ontvang het om te vervul. Daarna herinner hy sy volgelinge dat hy, Johannes, nie die Christus is nie, en dat hy bloot die een is wat voor die Christus uitgestuur is. Natuurlik bedoel Johannes daarmee dat die Here Jesus wel die Christus is. En dit alles is natuurlik in lyn met wat Johannes al in Joh 1:19 ev aan die leiers van die volk verduidelik het. Dit is in lyn met Joh 1:29 waar hy die Here Jesus aangewys het as “Die Lam van God”. Die Here Jesus en Johannes die Doper se rolle verskil: Die Here Jesus is die Christus, en Johannes is die een wat voor die Here Jesus gestuur is. En hierdie rolle is so deur die Here God self in die hemel bepaal.

In vers 29 verduidelik Johannes dit verder met die beeld van ‘n huwelik: Tydens ‘n huwelik is daar ook verskillende rolle: Dit is die bruidegom se rol om met die bruid te trou. Daarteenoor is dit die bruidegom se vriend se rol om die reëlings vir die bruilof te tref. Maar die vriend van die bruidegom trou nie met die bruid nie. Wat meer is, hulle werk nie teen mekaar nie – trouens die vriend van die bruidegom is bly as hy die stem van die bruidegom hoor. En die betekenis van die beeld is duidelik: Die Here Jesus is die Bruidegom, en Johannes die Doper is bloot die vriend van die bruidegom. Beide werk aan dieselfde huwelik. Maar dit is die Here Jesus wat met die bruid trou – en die bruid is natuurlik die volgelinge. Johannes, as die vriend van die Here Jesus as die Bruidegom, is bly om kennis te mag neem hoe die bruilof vorder, hy is bly om te hoor dat die Here Jesus al meer volgelinge het. Hy is bly om te hoor dat die Here Jesus meer word, en hy minder. Immers is sy rol net die rol van die vriend van die bruidegom – die Here Jesus is die Bruidegom.

Ek wil graag twee implikasies uitlig wat voortspruit uit wat hier gebeur het:

- Soos wat Johannes die Doper ‘n rol gehad het in terme van die bruilof van die Bruidegom, die Here Jesus, met Sy bruid, die volgelinge, netso het ons as gelowiges ook ‘n rol. Soos wat Johannes die Doper se rol aan hom vanuit die hemel gegee is, so het gelowiges ook ‘n rol wat vir hulle vanuit die hemel gegee is. Daar is verskeie aspekte van hierdie rol: Byvoorbeeld: hulle moet die evangelie verkondig sodat die getalle van die bruid kan toeneem, hulle moet hulle ontferm oor die wat reeds deel is van die bruid sodat die bruid kan toeneem in heerlikheid vir die bruilofsfees. Daar is baie meer detail wat ‘n mens hier sou kon byvoeg. Maar, dit is belangrik om te verstaan: daar is net een Bruidegom, dit is die Here Jesus. Ons rol is om voor te berei vir die bruilof. Al die fokus moet op die Bruidegom wees. As ek op een of ander manier sou probeer om my te beywer om self enige erkenning te ontvang vanuit die werk wat ek doen, dan mis ek die punt. Johannes was oortuig: Die Here

Jesus moet meer word, en hy minder. Hy was selfs bly as hy hoor dat die Here Jesus se volgelinge groei. En die punt is: Johannes het verstaan hy werk nie teen die Here Jesus nie – nee, sy rol is ter ondersteuning van die Here Jesus se rol. Maar die fokus is altyd die Here Jesus – Hy moet meer word, en die res van ons se rolle is om Hom meer te laat word. Selfs al sou dit beteken dat ek heeltemal uit die kollig moet verdwyn. Hierdie geleentheid was waarskynlik een van die laaste geleenthede waar Johannes opgetree het in sy rol – daarna was sy rol om die weg te berei, voltooi. Netso kan dit gebeur dat die rol wat ek vervul, sy einde bereik – miskien is daar nou iemand anders nodig met ander gawes om die werk voort te sit. En dan staan ek terug – die werk ter ere van die Here Jesus verdien voortdurend hoogste prioriteit.

- Ons lees hier dat daar drie reinigingsgebruike was: die Ou Testamentiese reinigingsgebruike, die doop van Johannes die Doper en die doop van Jesus. Johannes se volgelinge was in 'n stryd oor watter een is reg. Maar het jy opgelet hoe Johannes hulle besorgdheid aanspreek? Hy verval nie in 'n lang betoog oor die plek van elk van die drie reinigingsgebruike nie, nee, hy verwys hulle direk na die Een wat werklik die reiniging kan bewerk – die Here Jesus, en Hy moet meer word, en al die ander minder. Johannes het mooi onderskei: Die reinigingsgebruike van die Ou Testament, die doop van Johannes en die doop van Jesus was alles handelinge wat na dieselfde nood wys: die noodsaak aan reiniging, en die Here Jesus is die Een wat daardie nood aan reiniging kom aanspreek het. Johannes se fokus is daarom op Hom. Binnekort sou behoefte aan aldrie daardie handelinge verdwyn wanneer die Here Jesus die werklike reiniging bewerk waarna aldrie gewys het. Selfs die doop waarmee Jesus se volgelinge gedoop het, was beperk siende dat die Heilige Gees nog nie uitgestort was nie. Dit sou later vervang word met die Christelike doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ons moet ook van die Here vra om ons daardie onderskeidingsvermoë te gee: wat maak regtig saak, wat is werklik belangrik? En dan moet ons ons beywer vir daardie werklike belangrike saak. Ek voel dikwels ons spandeer baie tyd in die kerk om te redeneer oor en te werk aan relatief onbelangrike sake (byvoorbeeld die reël van 'n verskeidenheid van etes, wat opsigself nie verkeerd is nie), terwyl belangrike sake (soos geestelike toerusting of die uitdra van die evangelie na die wêreld) min of geen aandag kry nie. Soos hulle in Engels sê: Ons moet leer om te "major on major things".

<u>Hy vir wie God gestuur het, spreek die woorde van God (Joh 3:31-36)</u>

Lees verse 31-32. In hierdie verse verwys Johannes na twee persone: die een persoon kom van bo, en vers 31 maak duidelik die "bo" is die "hemel", terwyl die ander persoon uit die aarde kom. Twee persone: Een uit die hemel en een uit die aarde. Kan ek 'n paar opmerkings maak:

- As ons lees Een kom van bo, herinner dit ons direk aan die woorde van die Here Jesus teenoor Nikodemus: Om deel te kan wees van die koninkryk van God moet iemand van bo gebore wees. Ons kan verwag die Een wat van bo kom, sal 'n rol speel om iemand van bo gebore te laat word.
- As ons lees een kom uit die aarde, moet ons nie aarde verwar met Johannes se gebruik van die woord "wêreld" nie. Ons weet Johannes bedoel met "wêreld" die sondegevalle mensdom. Dit is nie wat Johannes in gedagte het met die term "aarde" nie, nee, met "een wat uit die aarde kom" bedoel hy daardie een is beperk, hy is beperk in wat hy doen, hy is beperk in wat hy kan doen.

Daarom maak dit logies sin dat die Een wat van bo kom, bo almal is – Hy is ook selfs bo die een wat uit die aarde kom. Ek glo dit is baie duidelik dat Johannes bedoel die Een wat van bo kom, is die Here

Jesus, terwyl die een wat uit die aarde kom, is Johannes die Doper. En soos wat ons al herhaalde male in die evangelie gelees het, is die Here Jesus bo Johannes die Doper – Johannes het al gesê hy is nie eens werd om die riempies van die Here Jesus se sandale los te maak nie (Joh 1:27).

Maar let nou op waaroor hierdie twee persone praat: Die een uit die aarde, praat uit die aarde. Weereens, dit beteken nie wat hy sê is sleg en boos nie, nee, wat hy sê is net beperk. Johannes die Doper het nie verkeerde en slegte dinge geleer nie, maar daar was 'n beperktheid aan wat hy geleer het. Daarteenoor, die Een wat van bo kom, wat uit die hemel kom, dit is die Here Jesus, Hy praat oor wat Hy gesien en gehoor het. In verse 12-13 het die Here Jesus immers al aan Nikodemus ook gesê Hy kom uit die hemel uit, en daarom kan Hy getuig oor die hemelse dinge. As ons nou lees dat die Een uit die hemel kan getuig oor dit wat Hy gesien en gehoor het, dan moet ons verstaan dit beteken die Here Jesus kan met gesag getuig oor die dinge wat Hy in die hemel gesien en gehoor het. En ek is seker jy sal saamstem: Dit moet beteken dat die Here Jesus oor baie meer dinge kan getuig as Johannes die Doper, wat uit die aarde is en uit die aarde praat. Johannes die Doper kon hoogstens praat oor die dinge wat aan hom geopenbaar is, terwyl die Here Jesus kan praat oor die dinge wat Hy in die hemel gesien en gehoor het.

Lees verse 33-35. Vers 35 maak die stelling: As iemand die getuienis van die Here Jesus sou aanvaar, dan bevestig daardie persoon dat God waaragtig is – die OAV sê so 'n persoon het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is. As iemand die getuienis van die Here Jesus aanvaar, dan aanvaar hy nie net die woorde van die Here Jesus, hy erken ook dat God waaragtig is. So 'n persoon is bereid om 'n seël van betroubaarheid daarop te plaas: God is waaragtig. As iemand oortuig is God is waaragtig, beteken dit die persoon is oortuig: God bestaan, God is waar, God is getrou, God is waaragtig. En dan volg vers 34 – hier gee Johannes die rede hoekom dit so is dat as iemand die Here Jesus se getuienis glo, dat so iemand ook bevestig God is waaragtig: Die rede is: Want Hy vir Wie God gestuur het, spreek die woorde van God. Die rede is: Want die Here Jesus spreek die woorde van God. Het jy die punt? As iemand Jesus se getuienis glo, moet dit noodwendig impliseer die persoon is ook oortuig God is waaragtig – want die Here Jesus spreek God se woorde – en die gelowige glo juis hierdie woorde, hierdie getuienis van Jesus.

En dan voeg Johannes by: "God skenk immers die Gees nie in geringe mate nie". Weereens, as jy na die OAV sou gaan, staan daar: "want God gee *Hom* die Gees nie met mate nie". Die OAV sê God gee aan Jesus die Gees nie met mate nie. Maar, let op, die "Hom" is kursief gedruk – dit is onduidelik of ons moet verstaan God gee die Gees nie in geringe mate aan die Here Jesus nie, of God gee die Gees in die algemeen nie in geringe mate nie, ook nie aan die Here Jesus nie. Meeste vertalings vertaal dit egter soos die 2020 DAV vertaling – dat God in die algemeen nie Sy Gees in geringe mate gee nie. Maar hoe dit ook al sy: Die punt wat duidelik is, is dat God die Gees ten minste nie aan die Here Jesus met mate gee nie, moontlik selfs dat die Here God die Gees in die algemeen nie met mate gee nie.

Kom ons probeer om Johannes se argument te verstaan: Daar is getuies uit die aarde – hulle getuienis is betroubaar, maar is beperk. 'n Voorbeeld van so iemand is Johannes die Doper. Maar ons sou ook al die Ou Testamentiese profete hierby kan insluit. Hulle getuig betroubaar, maar hulle insig is beperk tot dit wat aan hulle geopenbaar is, want hulle is uit die aarde. Daarteenoor is die Here Jesus ook 'n Getuie. Maar, Hy kan oor soveel meer getuig – want Hy was in die hemel, en Hy kan met gesag getuig oor dit wat Hy in die hemel gesien en gehoor het. Immers was Hy in die begin al by God. Boonop was Hy ook in die begin al God. Hy kom sopas van die hemel af. Hy weet presies wat in die hemel beplan word, gesê word, sigbaar is. As jy Sy getuienis glo, dan is dit ekwivalent daaraan dat jy ook glo dat God waaragtig is – die twee loop hand aan hand. En die rede hiervoor is: Hy spreek die woorde van God. Hoe is dit moontlik dat Hy die woorde van God kan spreek? In die

eerste plek: Hy is self God. In die tweede plek: Hy was in die hemel en het gesien en gehoor wat daar gebeur. In die derde plek: God het die Heilige Gees aan Hom geskenk sonder enige beperking – anders as wat die geval met Johannes die Doper en al die Ou Testamentiese profete was: Ja, die Heilige Gees het ook in hulle gewerk – maar dit was beperk, hulle kon net getuig van daardie deel wat aan hulle geopenbaar is. Maar die Here Jesus het die Heilige Gees in onbeperkte maat ontvang. Onthou hoe Johannes die Doper al in Joh 1:33 getuig het een van die maniere waarvolgens hy geweet het dat Jesus die Beloofde Een was, is omdat hy die Gees van God soos 'n duif vanuit die hemel op Hom sien neerdaal het, en die Gees het op Hom gebly.

Hierdie is 'n groot, belangrike en eenvoudig verstommende saak: By al die dinge wat ons al van die Here Jesus geleer het oor die laaste paar weke, leer ons nou: Die Here Jesus spreek die woorde van die Vader. Hierdie is 'n saak waaraan Johannes nog baie aandag gaan gee. Onthou in Joh 1:18 het hy al geskryf: "Niemand het God nog ooit gesien nie; die unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend kon maak". Hoor jy waar Jesus gehoor en gesien het? Aan die bors van die Vader, en nou kom maak Hy die Vader bekend deurdat Hy die woorde van God spreek. Lees Joh 5:19-20. Die Vader en die Seun is perfek belyn – die Seun doen wat die Vader wil. Nog meer, die Vader het die Seun lief en wys Hom wat hy doen – en nou kom die Seun en Hy maak dit aan ons bekend, sodat ons verwonderd sal staan. Sien jy, as jy die Here Jesus se getuienis glo, moet dit beteken jy erken ook God as waaragtig. Joh 6:38 bevestig dat die Here Jesus uit die hemel neergedaal het, juis om die wil van die Vader te doen. In Joh 8:29 lees ons dat die Vader steeds met die Seun was selfs toe Hy mens geword het, en die Seun doen altyd wat vir die Vader aanneemlik is.

Kan ek jou ook herinner aan Heb 1:1-2. Lees dit. In die verlede, in die Ou Testament, tot en met Johannes die Doper, het die Here met die profete gepraat – maar hulle was uit die aarde, die Heilige Gees het in hulle gewerk, maar tot 'n beperkte mate. Maar nou, met die koms van die Here Jesus uit die hemel na die aarde toe, nou praat die Here met ons deur Sy Seun – nou praat Sy Seun die woorde van die Vader, nou kom maak Hy die Vader aan ons bekend.

Lees vers 35. Die Vader het die Seun lief en het alles in Sy hand gegee. Sien jy die harmonie tussen die drie Persone in die Godheid: Die Almagtige Vader gee alles in die hand van die Seun, insluitend ook die Heilige Gees in onbeperkte maat. Die Seun, op Sy beurt, doen net wat die Vader wil. En in die proses maak die Seun nie net Homself aan ons bekend nie, nee, Hy maak God aan ons bekend. Onthou Joh 1:14. Lees dit. Met die menswording het die heerlikheid van die Seun bekend geword, maar dit is ook die heerlikheid van die Vader. Dink aan Heb 1:3: "Hy (dit is die Here Jesus) is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van Sy wese".

Johannes die Doper se dissipels was bekommerd hulle verloor steun, want die Here Jesus se steun neem toe onder die mense. En Johannes die Doper sê: Dit is goed so. Want hy, Johannes, getuig maar net as 'n mens uit die aarde met gebrekkige insig wat aan hom gegee is deur die Heilige Gees. Daarteenoor, getuig die Here Jesus as Een wat uit die hemel kom, wat gesien en wat gehoor het wat daar gebeur, Hy getuig in harmonie met die onbeperkte hulp van die Heilige Gees. Hy getuig van soveel meer: Hy gee vir die mense wat luister die woorde van God. Hy maak die Vader aan ons bekend. Hy maak die heerlikheid van God aan ons bekend. Natuurlik moet Hy meer word, en Johannes die Doper en al die ander profete minder.

Lees vers 36. Hierdie is die logiese gevolg. As jy al hierdie getuienis van niemand minder as die Seun van God nie wil glo nie, as jy nie die Een wil glo wat die woorde van God spreek nie, as jy nie die Een wil glo wat van die hemel af gekom het nie, as jy nie die Een wil glo wat aan die bors van die Vader was en gehoor en gesien het wat in die hemel gebeur nie – wel, dan bly die toorn van God op jou. Ons hoor so dikwels die argument "Dit is onregverdig dat ongelowiges verlore gaan". Nee, dit is nie.

Wat onregverdig is, is dat ongelowiges hierdie oorweldigende getuienis van God deur Sy Seun wat van die hemel gekom het, en die woorde van God aan ons kom bekend maak het, in die wind slaan, en verkies om in die duister te bly. Hulle moet eenvoudig God se oordeel verwag.

Hoe ons die Johannes-evangelie behoort te lees

Ek wil graag ten slotte 'n paar opmerkings maak oor hoe ons die Johannes-evangelie behoort te lees. Toe ek begin voorberei het vir hierdie reeks uit Johannes, was ek verstom om op verskeie plekke te lees hoe kommentatore waarsku oor 'n reeks preke uit Johannes. Hulle vertel hoe baie dit al probeer doen het, en met verloop van tyd opgegee het voordat hulle deur die hele evangelie gepreek het. En die rede hiervoor is: Daar is so baie herhaling in die evangelie.

Ek dink die waarskuwing is nie sonder grond nie. Kom ons dink oor wat ons vandag gelees het en vergelyk dit met wat ons al die afgelope paar weke in die vorige deel van die boek gelees het: Die reinigingsgebruike waarvan ons vandag gelees het, het ook al tydens die bruilof in Kana voorgekom. Dat Johannes die Doper nie die Christus is nie, is al breedvoerig bespreek in Joh 1 se gesprek met die Joodse leiers. Dat die Here Jesus die Bruidegom is, het ons ook al bespreek toe ons na die bruilof in Kana gekyk het. Dat die Here Jesus die Een is wat van bo gekom het, is ook al in Joh 3:13 bespreek waar ons gelees het die Seun van die Mens het uit die hemel neergedaal, en dit was natuurlik ook ingesluit in die beskrywing dat God uit liefde Sy Seun na die wêreld gestuur het in Joh 3:16-17. Dat die Here Jesus nie geglo sou word as Hy van die dinge van die hemel vertel nie, is ook al beskryf in Joh 3:12. Die oproep dat net die wat in die Here Jesus glo, verlos sal word, is ook al verskeie kere gemaak. As jy die eerste keer deur die gedeelte lees wat ons vandag hanteer het, wil jy amper dink: Hier is niks nuut nie. Mark Johnston skryf presies hieroor in sy kommentaar oor hierdie gedeelte, en hy sê: Ja, daar is baie herhaling. Maar dit is nie doellose herhaling nie. Hy beskryf die boek as 'n indrukwekkende simfonie deur 'n meesterlike komponis – dit bevat herhaling, maar dit word meesterlik gebruik om die grootsheid van die doel van die boek al hoe meer en meer uit te lig, sodat die leser diep onder die indruk hiervan sal kom. Wel, onthou wat is die doel van die boek: Om ons as lesers te oortuig dat die Here Jesus die Christus is, dat Hy die Seun van God is, en dat ons deur geloof in Hom kan lewe (Joh 20:31).

Kom ons dink kortliks oor wat ons al geleer het tot dusver uit die eerste paar hoofstukke. Ek laat die proloog uit hierdie opsomming, siende dat dit 'n opsomming van die boek is. Wat ons al geleer het, is:

- In Joh 1 het Johannes die Doper ons al geleer die Here Jesus is groter as hy, boonop is die Here Jesus die Lam van God (d.w.s. die Messias), en die Heilige Gees het op Hom gekom.
- Ook in Joh 1 met die roeping van die eerste dissipels, het dit duidelik geword dat die Here Jesus harte van mens goed kan beoordeel. Hy weet watter mens se hart is reg, en watter mens s'n nie.
- In Joh 2 het ons geleer van die bruilof in Kana. Ons het geleer dat die Here Jesus die ou verbond se tipes gaan vervul, en dit gaan saamval met die koms van die nuwe verbond. Hy sal daardie reiniging wat so noodsaaklik is bewerk – dus is Hy die Messias.
- Later in Joh 2 het ons gelees hoe Hy die tempel gereinig het – hieruit het ons geleer die Ou Testamentiese tempel was gevul met tipes wat vooruit gewys het na Hom. Voortaan is Hy die tempel – Hy is die ontmoetingsplek met God, Hy is die eenmalige offer waarna die tempeloffers gewys het, Hy is die weg van verlossing wat die tempel uitgebeeld het.
- In Joh 3 het ons gelees van Sy gesprek met Nikodemus. Dit het duidelik geword die Here Jesus kan nie net harte oordeel nie, Hy weet presies wat die probleem met die harte van

mense is, en hoe dit aangespreek moet word – hulle moet van bo gebore word, uit water en die Gees. En boonop: Hy en die Heilige Gees gaan dit bewerk.

- In die opvolgende gedeelte in Joh 3 het ons geleer dat die Here God die Here Jesus gestuur het om dit alles te kom doen omdat God lief is vir die wêreld. Op hierdie manier het God verlossing kom bewerk – nie vir almal nie, maar wel vir die wat glo, en in hulle stel Hy Sy verlossingswerk ten toon.
- Vandag het ons geleer dat die Here Jesus ook gekom het om die woorde van die Vader aan ons te kom bekend maak, Hy het gekom om aan ons die heerlikheid van die Vader te toon.

Sien jy die punt? Ja, daar is herhaling. Maar daar is ook elke keer iets nuut oor die werk van die Here Jesus wat bygevoeg word, 'n nuwe dimensie wat uitgelig word:

- Eers: Hy is die Lam van God op wie die Gees van God bly.
- En toe: Hy ken menseharte.
- En toe: Hy is die vervulling van die ou verbond se tipes, en Hy lei die nuwe verbond in.
- En toe: Hy is die tempel, Hy is die ware offer, Hy is die weg van verlossing.
- En toe: Hy weet presies wat ons nodig het – om van bo gebore te wees uit water en die Gees – Hy gaan dit bewerk.
- En toe: Dit alles is die gevolg van God se liefde vir die wêreld.
- En toe: Die Here Jesus het ook gekom om die Vader aan ons bekend te maak.

Ja, baie herhaling, maar tog gaan die openbaring oor die Here Jesus steeds vorentoe. Ons leer steeds meer. Telkens kom nog 'n stukkie van wie Hy is en nog 'n stukkie van Sy werk duideliker na vore.

Mag die Here ons help om te kan volhard om soveel as moontlik van die Here Jesus te leer. Immers is dit lewensbelangrik – dit is juis deur geloof in Hom dat ons kan lewe. Immers, Hy kom toon aan ons die heerlikheid van God – wat kan heerliker wees om meer daarvan te leer!